

18 April

Skrifgedeelte: Esegïel 33:1-9

Fokusgedeelte: Esegïel 33:7 (1933/53 en 1983)

Die “brandwag” roep: Die vyand kom!

Die boodskap van die profeet Esegïel ... nie altyd maklik om te verstaan nie. Inderdaad 'n moeilike profeteboek vir God se kinders in moeilike omstandighede. Tog is en bly dit die lewende Here wat praat en die mensekind wat móét luister.

Esegïel praat, want die Here gee hom die opdrag om te praat. Hy moet praat ten tye van die grootste laagtepunt in Ou Testament-dae. En daarom Esegïel 1-24 wat die val van Jerusalem voorspel, maar dit ook probeer verhoed. Daarom die sêgoed van Esegïel 33:7: “Mensekind, Ek maak jou die wag vir die mense van Israel. Luister na wat Ek vir jou sê en waarsku hulle namens My ...”

Die Here praat. Die profeet preek. Die mens moet luister. Die brandwag sê: “Die vyand kom!” En die vyand is in werklikheid die Here, in aantog om te oordeel. Maar tog ook om te red. Hoor die brandwag wat raaksien wat gebeur. O volk van God, luister en besef en verander jou lewenstrategie. Luister en lewe. Luister nie en gaan verlore!

Besef opnuut weer die waarde van die woorde van die Woordbedienaar. Harde woorde soms, maar altyd woorde wat die ware lewe wil wakker praat! “Mensekind, Ek maak jou die wag vir die mense van Israel ...” En ek hoor en ek begin die woorde van die Jesajaprofeet nasê:

“O Jakob, hoor nou, luister!
O Israel, gee ag!
So sê jou Here, Skepper,
jou Maker in Sy krag ...”

Hoor in Esegïel se woorde die lewende God se roep. Esegïel wat waarsku. En sy wagwoorde is daarop gerig om die kind van God te red en nie verlore te laat gaan nie. Hoor my kind en luister. Leer en lewe. Draai om en dien die Here. Bekering en behoue bly ... Jou doof hou en verlore gaan. Die profeet se boodskap, sy woorde word 'n saak van lewe en dood.

Omkeer, terugkeer, naderkom. Want eens het die Woord mens geword ... Christus se stem ... sy woorde ... sy verkondiging. Die ewige “Brandwag”. Luister na Hom en lewe. Bekeer jou, want die Koninkryk van God het naby gekom!

Sing: Psalm 80:6 (2001)

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)